- (b) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met of voor die buitegeboue opgerig word.
- (c) Geen geboue of buitegeboue mag op die erf opgerig word nader as 17 meter vanaf enige straatgrens en 7 meter vanaf enige ander grens van die erf nie.
- (d) Ingeval 'n woonhuis op die erf opgerig word, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie behalwe met die toestemming van die Administrateur: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan gekonsolideer word met enige ander erf of gedeelte van 'n erf, hier-

consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

- (e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(C) SPECIAL PURPOSE ERVEN.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:

(1) *Erf No. 808.*

The erf shall be used solely for the business of an hotel and purposes incidental thereto: Provided that parking shall be provided in the ratio of one parking space per bedroom or suite plus adequate parking for public rooms to the satisfaction of the local authority: Provided further that if the erf is not used for the aforesaid purpose it may be used for such other purposes as the Administrator may permit and subject to such requirements as he may impose after reference to the Townships Board and the local authority.

(2) *Erf No. 793.*

The erf shall be used for the purpose of a nursery school and for purposes incidental thereto or for such other purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(3) *Erf No. 115.*

The erf shall be used solely for religious purposes and purposes incidental thereto: Provided that parking in the ratio of one parking space for every ten seats, together with the necessary manoeuvring space shall be provided to the satisfaction of the local authority: Provided further that if the erf is not used for the aforesaid purpose, it may be used for such other purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(4) *Erven Nos. 814 and 815.*

The erf shall be used for such purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(5) *Erf No. 807.*

The erf shall be used for parking purposes and purposes incidental thereto or for such other purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(D) GENERAL BUSINESS ERVEN.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 796 to 806 shall be subject to the following conditions:

die voorwaarde met die toestemming van die Administrateur van toepassing gemaak mag word op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde area.

- (e) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot bevrediging van die plaaslike bestuur.

(C) ERWE VIR SPESIALE DOELEINDES.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(1) *Erf No. 808.*

Die erf moet uitsluitlik vir 'n hotelbesigheid gebruik word en vir doeleinades in verband daarmee: Met dien verstande dat parkering voorsien moet word in 'n verhouding van een parkeerruimte vir elke slaapkamer of stel kamers plus voldoende parkering vir openbare vertrekke tot bevrediging van die plaaslike bestuur: Voorts met dien verstande dat indien die erf nie vir voornoemde doel gebruik word nie dit gebruik mag word vir sodanige doeleinades as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy mag bepaal na oorlegpleging met die Dorperraad en die plaaslike bestuur.

(2) *Erf No. 793.*

Die erf mag slegs gebruik word vir 'n kleuterskool en doeleinades in verband daarmee of vir sodanige ander doeleinades as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy mag bepaal na oorlegpleging met die Dorperraad en die plaaslike bestuur.

(3) *Erf No. 115.*

(a) Die erf moet uitsluitlik vir godsdiensdoeleinades gebruik word en vir doeleinades in verband daarmee met dien verstande dat parkering in die verhouding van een parkeerruimte vir elke 10 sitplekke, tessame met die nodige beweegruimte voorsien moet word tot bevrediging van die plaaslike bestuur: Voorts met dien verstande dat indien die erf nie vir voornoemde doel gebruik word nie, dit gebruik mag word vir sodanige ander doeleinades as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy mag bepaal, na oorlegpleging met die Dorperraad en die plaaslike bestuur.

(4) *Erwe Nos. 814 en 815.*

Die erf mag gebruik word vir sodanige doeleinades soos toegelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat die Administrateur mag bepaal na oorlegpleging met die Dorperraad en die plaaslike bestuur.

(5) *Erf No. 807.*

Die erf mag slegs gebruik word vir parkeerdoeleinades en vir doeleinades in verband daarmee of vir sodanige ander doeleinades as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy mag bepaal, na oorlegpleging met die Dorperraad en die plaaslike bestuur.

(D) ALGEMENE BESIGHEIDSERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erwe Nos. 796 tot 806 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a place of amusement or assembly: Provided further that:
- (i) the height of the building shall be restricted to 2 storeys;
 - (ii) the erf shall not be used for residential purposes;
 - (iii) effective and paved parking shall be provided to the satisfaction of the local authority in the ratio of 2 square metres of parking for every one square metre of retail shopping area and 20 square metres of parking for every 125 square metres of office floor space;
 - (iv) provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority;
 - (v) the siting of all buildings and ingress and egress points to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority; and
 - (vi) a screen wall 2 metres high shall be erected. The extent, materials, design and maintenance of the wall shall be to the satisfaction of the local authority.
- (b) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (a) hereof there shall be no limitation to the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating House of any description shall be conducted on the erf.
- (d) No offensive trade as specified either in section 95 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, or in a Town-planning Scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(E) SPECIAL RESIDENTIAL ERVEN.

The erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) to (D) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:

- (a) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf.
- (b) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is sub-divided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.
- (c) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 5 metres from the boundary thereof abutting on a street.

- (a) Die erf mag slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word as 'n vermaakklikeids- of 'n vergaderplek nie; voorts met dien verstande dat:
- (i) die hoogte van die gebou beperk word tot twee verdiepings;
 - (ii) die erf nie gebruik mag word vir woondoeleindes nie;
 - (iii) doeltreffende en geplaveide parkering voorsien word tot bevrediging van die plaaslike bestuur in 'n verhouding van twee vierkante meter parkering vir elke vierkante meter kleinhandelvloerruimte en 20 vierkante meter parkering vir elke 125 vierkante meter kantoorvloerruimte;
 - (iv) voorsiening op die erf gemaak word vir die open aflaai van voertuie tot bevrediging van die plaaslike bestuur;
 - (v) die plasing van alle geboue en in- en uitgange tot 'n publieke straatstelsel tot bevrediging van die plaaslike bestuur moet wees; en
 - (vi) 'n skermmuur twee (2) meter hoog opgerig moet word. Die omvang, materiaal, ontwerp, posisie en onderhou van die muur moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
- (b) Die besigheidsgebou moet gelyktydig met of voor die buitegebou opgerig word.
- (c) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (a) hiervan, is daar geen beperking wat betref die aantal winkels of besighede wat op die erf opgerig of gedryf mag word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoeethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.
- (d) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf in artikel 95 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, of in 'n dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(E) SPESIALE WOONERWE.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is die erwe met uitsondering van die wat in subklousules (B) tot (D) genoem word, ook aan die volgende voorwaardes onderworpe:

- (a) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort op die erf opgerig mag word.
- (b) Op die erf mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan gekonsolideer word met enige ander erf of gedeelte van 'n erf, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur van toepassing gemaak mag word op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde area.
- (c) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.
- (d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 5 meter van die straatgrens daarvan geleë wees.

(e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.

In addition to the relevant conditions set out above all erven shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

3. Definitions.

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:

- (i) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.
- (ii) "Floor space ratio" means the ratio obtained by dividing the total area of the erf into the total area of all the floors (excluding any basement, open roofs and floor space devoted solely to car parking for the occupants of the building or buildings) of the proposed building or buildings to be erected thereon, such area being measured over the external walls and including every form of accommodation except purely ornamental features such as spires, turrets and belfries and any accommodation which is reasonably or necessary for the cleaning, maintenance, caretaking or mechanical equipment of the building or buildings, that is to say:—

Total area of all floors of building or buildings as indicated above

F.S.R. = _____
Total area of erf.

4. State and Municipal Erven.

Should any erf referred to in Clause A9 or any erf acquired as contemplated in Clause B1(ii) or required or re-acquired as contemplated in clause B1(iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be determined by the Administrator and in addition, under the circumstances set out above, the undermentioned erf shall be subject to the following condition

Erf No. 812:

No building shall be erected on the erf without the written consent of Department of Mines.

- (c) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot bevrediging van die plaaslike bestuur.

2. Serwituut vir Riolerings- en Ander Munisipale Doel-eindes.

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is alle erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, 2 meter breed, langs net een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voorname serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rielohooplypleiding en ander werke wat hy volgens goedgunke noodsaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voorname serwituut grens; en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voorname doel: Met dien verstaande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rielohooplypleiding en ander werke veroorsaak word.

3. Woordomskrywing.

In voormalde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenis wat aan hulle geheg word:—

- (a) "Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.
- (b) "Vloerruimteverhouding" beteken die verhouding wat verkry word deur die totale oppervlakte van al die verdiepings (behalwe 'n kelder, oopdakke en vloerruimtes wat uitsluitend aangewend word vir die parkering van motorvoertuie vir die bewoners van die gebou of geboue) van die voorgenome gebou of geboue, welke oppervlakte oor die buitemure gemeet word en elke vorm van ruimte insluit, behalwe versierings (soos spitspunte, torinkies en kloktorings) en ruimte wat vir die skoonmaak, onderhoud, versorging of die meganiese uitrusting van die gebou of geboue redelik of nodig is, te deel deur die totale oppervlakte van die erf, dit wil sê:—

Totale vloeroppervlakte van alle vloere van die gebou of geboue soos hierbo uiteengesit

Vrv. = _____
Totale oppervlakte van die erf.

4. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf waarvan melding in klousule A.9 gemaak word of enige erf wat verkry word soos beoog in klousule B.1(ii) of enige erf wat benodig of herverkry mag word soos beoog in klousule B.1(iii) hiervan, geregistreer word in die naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur bepaal en hierbenewens, onder die omstandighede hierbo uiteengesit, is die onderstaande erf aan die volgende voorwaarde onderworpe:—

Erf No. 812.

Geen geboue mag op die erf opgerig word sonder die skriftelike toestemming van die Departement Mynwese nie.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 1762 15 December, 1971
ROAD TRAFFIC REGULATIONS — AMENDMENT.

The Administrator in terms of section 165 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966), hereby amends the Road Traffic Regulations published under Administrator's Notice 1052 of the 28th December, 1966, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

1. Regulation 4 is hereby amended:—

- (a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:
 "(1) The dimensions of all letters, figures and spaces appearing on a registration plate shall be as follows:

	<i>Registration plate for motor vehicle other than motor cycle or motor tri-cycle.</i>	<i>Registration plate for motor cycle or motor tri-cycle.</i>
Height of figures and letters	At least 75 mm	At least 50 mm
Width of figures and letters (figures "1" and letters "I", "M" and "W" excepted)	At least 35 mm	At least 30 mm
Width of letters "M" and "W"	At least 40 mm	At least 38 mm
Width of stroke in figures and letters	Between 10 mm and 15 mm	Between 8 mm and 10 mm
Space between adjoining figures or letters	Between 10 mm and 15 mm	Between 10 mm and 15 mm
Space between last letter and first figure where set out in a line	At least 25 mm	At least 25 mm
Margin between nearest part of any figure or letter and edge of registration plate	At least 20 mm	At least 5 mm"; and

- (b) by the substitution in subregulation (2) for the expression "½ inch" of the expression "15 mm".

2. Regulation 6(2) is hereby amended by the substitution for the expression "5 feet" of the expression "1,5 m".

3. Regulation 18 is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

- "(1) No person shall operate on a public road a trailer the gross vehicle mass of which—
 (a) does not exceed 570 kg and such mass does not exceed 50% of the tare of the drawing vehicle, unless it is equipped with at least a parking brake or other device for keeping the trailer stationary;
 (b) (i) does not exceed 570 kg and such mass exceeds 50% but does not exceed 75% of the tare of the drawing vehicle; or

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 1762 15 Desember 1971
PADVERKEERSREGULASIES — WYSIGING.

Ingevolge artikel 165 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), wysig die Administrateur hierby die Padverkeersregulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing 1052 van 28 Desember 1966 soos in die Bylae hierby uiteengesit.

BYLAE.

1. Regulasie 4 word hierby gewysig —

- (a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:
 "(1) Die afmetinge van alle letters, syfers en ruimtes wat op 'n registrasieplaat verskyn, moet as volg wees:

	<i>Registrasieplaat vir motorvoertuig uitgesonderd motorfiets of motor-driewiel.</i>	<i>Registrasieplaat vir motorfiets of motor-driewiel.</i>
Hoogte van syfers en letters	Minstens 75 mm	Minstens 50 mm
Breedte van syfers en letters (uitgesonderd syfer "1" en letters "I", "M" en "W")	Minstens 35 mm	Minstens 30 mm
Breedte van letters "M" en "W"	Minstens 40 mm	Minstens 38 mm
Breedte van strecp in syfers en letters	Tussen 10 mm en 15 mm	Tussen 8 mm en 10 mm
Ruimte tussen syfers of letters wat naasaan mekaar staan	Tussen 10 mm en 15 mm	Tussen 10 mm en 15 mm
Ruimte tussen laaste letter en eerste syfer as dit in 'n lyn gerangskik word	Minstens 25 mm	Minstens 25 mm
Kantruimte tussen naaste deel van 'n syfer of letter en rand van registrasieplaat	Minstens 20 mm	Minstens 5 mm"; en

- (b) deur in subregulasie (2) die uitdrukking "n ½ duim" deur die uitdrukking "15 mm" te vervang.

2. Regulasie 6(2) word hierby gewysig deur die uitdrukking "vyf voet" deur die uitdrukking "1,5 m" te vervang.

3. Regulasie 18 word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgede subregulasie te vervang:

"(1) Niemand mag 'n sleepwa op 'n openbare pad gebruik nie as die bruto voertuigmassa daarvan —

- (a) nie meer as 570 kg is nie en sodanige massa nie 50% van die tara van die trekvoertuig oorskry nie tensy dit toegerus is met minstens 'n parkeerrem of ander toestel om die sleepwa stilstaande te hou;
 (b) (i) nie meer as 570 kg is nie en sodanige massa meer as 50% maar nie meer as 75% van die tara van die trekvoertuig is nie; of

- (ii) exceeds 570 kg but does not exceed 1 360 kg and such mass does not exceed 75% of the tare of the drawing vehicle,
unless it is equipped with a parking brake and either an over-run brake or a service brake;
- (c) (i) does not exceed 1 360 kg but such mass exceeds 75% of the tare of the drawing vehicle;
or
(ii) exceeds 1 360 kg.
unless it is equipped with a parking brake and a service brake:

Provided that in the case of a trailer drawn by a vehicle not designed for or capable of exceeding a speed of 35 km/h on a reasonably level road, an over-run brake or a brake on the trailer capable of being operated by the driver of the drawing vehicle or by a person travelling on the trailer, may be fitted in lieu of a service brake and provided further where more trailers than one are drawn by a drawing vehicle, the foregoing requirements shall apply in respect of each such trailer, and in such event the gross vehicle mass shall be construed as the total of the gross vehicle masses of all trailers so drawn.”.

4. Regulation 21 is hereby amended by the substitution for subregulations (1), (2), (3), (4), (5) and (6) of the following subregulations:

“(1) No person shall operate on a public road a motor vehicle or combination of motor vehicles which is required in terms of this Chapter to be equipped with a service brake unless at all times and under all conditions of loading upon application of the service brake it is capable of decelerating and developing a braking force equivalent to such deceleration according to the minimum requirements set forth herein or of stopping within the distance set forth herein:

	<i>Stopping distance in m.</i>	<i>Deceleration in m/s².</i>	<i>Equivalent breaking force in N/kg.</i>
Light motor vehicle	10	4,5	4,5
Heavy motor vehicle	13	4,5	4,5

(2) No person shall operate on a public road a motor vehicle or combination of motor vehicles which is required in terms of this Chapter to be equipped with an emergency brake unless at all times and under all conditions of loading upon application of the emergency brake it is capable of decelerating and developing a braking force equivalent to such deceleration according to the minimum requirements set forth herein or of stopping within the distance set forth herein:

	<i>Stopping distance in m.</i>	<i>Deceleration in m/s².</i>	<i>Equivalent breaking force in N/kg.</i>
Light and heavy motor vehicle	25	1,9	1,9

(3) Compliance with the standards set forth in sub-regulations (1) and (2) shall be determined by —

- (ii) meer as 570 kg is maar nie meer as 1 360 kg is nie en sodanige gewig nie 75% van die tara van die trekvoertuig oorskry nie,
tensy dit toegerus is met 'n parkeerrem en of 'n inlooprem of 'n diensrem;
- (c) (i) nie meer as 1 360 kg is nie maar sodanige gewig 75% van die tara van die trekvoertuig oorskry;
of
(ii) 1 360 kg oorskry,
tensy dit toegerus is met 'n parkeerrem en 'n diensrem:

Met dien verstande dat, in die geval van 'n sleepwa wat getrek word deur 'n voertuig wat nie ontwerp is vir of in staat is om 'n snelheid van 35 km/h op 'n redelike gelyk pad te oorskry nie, die sleepwa met 'n inlooprem of 'n rem wat deur die bestuurder van die trekvoertuig bedien kan word of deur 'n persoon wat op die sleepwa ry, in die plek van 'n diensrem toegerus kan word en voorts met dien verstande dat waar meer as een sleepwa deur 'n trekvoertuig getrek word, die voorgaande vereistes van toepassing is ten opsigte van elk sodanige sleepwa, en in so 'n geval moet voormalde bruto voertuigmassa vertolk word as die totaal van die bruto voertuigmassas van alle sleepwaens wat aldus getrek word.”.

4. Regulasie 21 word hierby gewysig deur subregulasies (1), (2), (3), (4), (5) en (6) deur die volgende subregulasies te vervang:

“(1) Niemand mag 'n motorvoertuig of 'n kombinasie van motorvoertuie wat ingevolge hierdie Hoofstuk met 'n diensrem toegerus moet wees, op 'n openbare pad gebruik nie, tensy dit te alle tye en onder alle omstandighede van lading, wanneer die diensrem aangeslaan word, die voertuig se snelheid kan verminder en 'n remkrag kan ontwikkel wat gelyk is aan sodanige snelheidsvermindering volgens die minimum vereiste hierin uiteengesit of binne die afstand hierin uiteengesit die voertuig tot stilstand kan bring:—

	<i>Stilstaan-afstand in m.</i>	<i>Snelheidsvermindering in m/s².</i>	<i>Gelykstaande remkrag in N/kg.</i>
Ligte motorvoertuig ...	10	4,5	4,5
Swaar voertuig ...	13	4,5	4,5

(2) Niemand mag 'n motorvoertuig of 'n kombinasie van motorvoertuie wat ingevolge hierdie Hoofstuk met 'n noodrem toegerus moet wees, op 'n openbare pad gebruik nie, tensy dit te alle tye onder alle omstandighede van lading, wanneer die noodrem aangeslaan word, die voertuig se snelheid kan verminder en 'n remkrag kan ontwikkel wat gelyk is aan sodanige snelheidsvermindering volgens die minimum vereiste hierin uiteengesit of binne die afstande hierin uiteengesit die voertuig tot stilstand kan bring:

	<i>Stilstaan-afstand in m.</i>	<i>Snelheidsvermindering in m/s².</i>	<i>Gelykstaande remkrag in N/kg.</i>
Ligte en swaar motorvoertuig	25	1,9	1,9

(3) Voldoening aan die standarde in subregulasies (1) en (2) uiteengesit, word bepaal deur —

- (a) actual road tests conducted on a reasonably level, dry, smooth, hard-surfaced road that is free from loose material, and with stopping distance measured from the actual instant braking controls are moved and from initial speed of 35 km/h or the maximum speed of the vehicle concerned if it is not capable of reaching a speed of 35 km/h and with the engine disengaged;
- (b) suitable mechanical test; or
- (c) a combination of both methods.

(4) When testing a brake on a combination of motor vehicles the trailer brake shall be applied at the same time as the brake being tested on the towing vehicle.

(5) For the purposes of this regulation —

"light motor vehicle" means —

- (a) a motor-car;
- (b) a bus or goods vehicle with a gross vehicle mass not exceeding 3 500 kg; or
- (c) any other motor vehicle with a tare not exceeding 3 500 kg; and

"heavy motor vehicle" means a motor vehicle which is not a light motor vehicle.

(6) Where in any prosecution evidence is tendered that the speed of 35 km/h referred to in subregulation (3)(a), was ascertained by means of a speedometer forming part of the equipment of the motor vehicle concerned, such evidence shall be deemed to be correct unless the accused proves that such speedometer was inaccurate to such an extent as would affect the calculation on which the charge is based."

5. Regulation 23 is hereby amended by the substitution for the expression "500 feet" of the expression "150 m" and for the expression "40 feet" of the expression "12 m".

6. Regulation 25(2) is hereby amended by the substitution for the expression "16 inches" of the expression "400 mm".

7. Regulation 28 is hereby amended by the substitution for the expression "325 feet", wherever it occurs, of the expression "100 m" and for the expression "10 feet", wherever it occurs, of the expression "3 m".

8. Regulation 29(b)(i) is hereby amended by the substitution for the expression "16 inches" of the expression "400 mm".

9. Regulation 30 is hereby amended by the substitution for the expression "150 feet", wherever it occurs, of the expression "45 m".

10. Regulation 32(2) is hereby amended by the substitution for the expression "24 inches" of the expression "600 mm".

11. Regulation 33 is hereby amended by the substitution for the word "watts", wherever it occurs, of the letter "W" and for the expression "16 inches" of the expression "400 mm".

12. Regulation 34 is hereby amended by the substitution for the expression "16 inches" of the expression "400 mm".

13. Regulation 35 is hereby amended by the substitution for the expression "16 inches", wherever it occurs, of the expression "400 mm" and for the word "watts" of the letter "W".

- (a) werklike padtoetse wat uitgevoer word op 'n pad wat 'n redelik gelyk, droë gladde, harde oppervlak het sonder los materiaal daarop en met die stilhouafstand gemeet van die werklike moment wanneer die remkontrole beweeg word en van 'n aanvangsnelheid van 35 km/h af of die maksimum snelheid van die betrokke voertuig indien dit nie 'n snelheid van 35 km/h kan bereik nie en met die enjin ontkoppel;
- (b) 'n gesukte meganiese toets; of
- (c) albei metodes gesamentlik.

(4) Wanneer 'n rem aan 'n kombinasie van motorvoertuie getoets word, word die rem van die sleepwa aangeslaan op dieselfde moment as die rem wat aan die trekvoertuig getoets word.

(5) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken — "ligte motorvoertuig" —

- (a) 'n motorkar;
- (b) 'n bus of goederevoertuig met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg; of
- (c) enige ander motorvoertuig met 'n tara van hoogstens 3 500 kg; en
- "swaar motorvoertuig" 'n motorvoertuig wat nie 'n ligte motorvoertuig is nie.

(6) Waar, by enige vervolging, getuenis gelewer word dat die snelheid van 35 km/h in subregulasie (3)(a) genoem, verkry is deur middel van 'n snelheidsmeter wat deel uitmaak van die uitrusting van die betrokke motorvoertuig, word sodanige getuenis as juis beskou tensy die beskuldigde bewys dat sodanige snelheidsmeter in so 'n mate onakkuraat was dat dit die berekening sal affekteer waarop die beskuldiging gegronde is."

5. Regulasie 23 word hierby gewysig deur die uitdrukking "500 voet" deur die uitdrukking "150 m" en die uitdrukking "40 voet" deur die uitdrukking "12 m" te vervang.

6. Regulasie 25(2) word hierby gewysig deur die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm" te vervang.

7. Regulasie 28 word hierby gewysig deur die uitdrukking "325 voet", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "100 m" en die uitdrukking "10 voet", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "3 m" te vervang.

8. Regulasie 29(b)(i) word hierby gewysig deur die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm" te vervang.

9. Regulasie 30 word hierby gewysig deur die uitdrukking "150 voet", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "45 m" te vervang.

10. Regulasie 32(2) word hierby gewysig deur die uitdrukking "24 duim" deur die uitdrukking "600 mm" te vervang.

11. Regulasie 33 word hierby gewysig deur die woord "watt", waar dit ook al voorkom, deur die letter "W" en die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm" te vervang.

12. Regulasie 34 word hierby gewysig deur die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm" te vervang.

13. Regulasie 35 word hierby gewysig deur die uitdrukking "16 duim", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "400 mm" en deur die woord "watt" deur die letter "W" te vervang.

14. Regulation 36(1)(c) is hereby amended by the substitution for the expression "12 inches" of the expression "300 mm" and for the expression "5 feet" of the expression "1,5 m".

15. Regulation 37(1) is hereby amended by the substitution for the expression "65 feet" of the expression "20 m".

16. Regulation 38(2) is hereby amended by the substitution in —

- (a) paragraph (a) for the expression "16 inches" of the expression "400 mm";
- (b) paragraph (b) for the expression "12 feet" of the expression "3,6 m"; and
- (c) paragraph (c) for the expression "12 inches of the expression "300 mm" and for the expression "42 inches" of the expression "1,1 m".

17. Regulation 44(1) is hereby amended by the substitution for the expression "the gross vehicle weight of which exceeds 7,700 lb." of the expression "the gross vehicle mass of which exceeds 3 500 kg" and for the word "watts" of the letter "W".

18. Regulation 46(1) is hereby amended by the substitution in —

- (a) in paragraph (a) for the expression "10 feet" of the expression "3 m" and for the expression "100 feet" of the expression "30 m"; and
- (b) for paragraph (b) of the following paragraph:
"(b) over every rear wheel with a mudguard, the rear end of which shall be painted white on the outside for a length of not less than 230 mm measured from the rear extremity of such mudguard and shall be kept reasonably free from dirt: Provided that such painted surface may be obscured by a red retro-reflector or red reflective material prescribed in terms of regulation 57.".

19. Regulation 50 is hereby amended by the substitution for the expression "500 feet" of the expression "150 m".

20. Regulation 53(1) is hereby amended by the substitution for the expression "18 inches" of the expression "450 mm" and for the expression "54 inches" of the expression "1,4 m".

21. Regulation 55 is hereby amended by the substitution in the "List of Reflectors" for the expression "4 in. by 2 in." of the expression "100 mm by 50 mm".

22. Regulation 56 is hereby amended by the substitution in —

- (a) subregulation (2)(a) for the expression "16 inches" of the expression "400 mm";
- (b) subregulation (2)(b) for the expression "2 inches" of the expression "50 mm"; and
- (c) subregulation (4) for the expression " $\frac{1}{2}$ inch" of the expression "12 mm" and for the expression "3 inches" of the expression "75 mm".

23. Regulation 57 is hereby amended by the substitution in —

- (a) subregulation (2) for the expression "16 inches" of the expression "400 mm"; and
- (b) subregulation (4) for the expression "1 $\frac{1}{2}$ inches" of the expression "38 mm" and for the expression "6 square inches" of the expression "3'800 mm²".

14. Regulasie 36(1)(c) word hierby gewysig deur die uitdrukking "12 duim" deur die uitdrukking "300 mm" en die uitdrukking "5 voet" deur die uitdrukking "1,5 m" te vervang.

15. Regulasie 37(1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "65 voet" deur die uitdrukking "20 m" te vervang.

16. Regulasie 38(2) word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) paragraaf (a) van die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm";
- (b) paragraaf (b) van die uitdrukking "12 voet" deur die uitdrukking "3,6 m"; en
- (c) paragraaf (c) van die uitdrukking "12 duim" deur die uitdrukking "300 mm" en van die uitdrukking "42 duim" deur die uitdrukking "1,1 m".

17. Regulasie 44(1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "die bruto voertuiggewig 7,700 lb. oorskry" deur die uitdrukking "die bruto voertuigmassa 3 500 kg oorskry" en deur die woord "watt" deur die letter "W" te vervang.

18. Regulasie 46(1) word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) in paragraaf (a) van die uitdrukking "10 voet" deur die uitdrukking "3 m" en van die uitdrukking "100 voet" deur die uitdrukking "30 m"; en
- (b) van paragraaf (b) deur die volgende paragraaf:
"(b) van 'n modderskerm oor elke agterwiel voorsien is waarvan die agterste end aan die buitekant wit geverf moet wees vir 'n lengte van minstens 230 mm gemeet van die agterste punt van sodanige modderskerm, en wat redelik skoon gehou moet word: Met dien verstande dat sodanige wit geverfde oppervlakte bedek kan wees deur 'n trukaatser of rooi weerkaatsende materiaal voorgeskryf by regulasie 57.".

19. Regulasie 50 word hierby gewysig deur die uitdrukking "500 voet" deur die uitdrukking "150 m" te vervang.

20. Regulasie 53(1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "18 duim" deur die uitdrukking "450 mm" en die uitdrukking "54 duim" deur die uitdrukking "1,4 m" te vervang.

21. Regulasie 55 word hierby gewysig deur in die "Lys van Weerkaatsers" die uitdrukking "4 dm. by 2 dm." deur die uitdrukking "100 mm by 50 mm" te vervang.

22. Regulasie 56 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) subregulasie (2)(a) van die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm";
- (b) subregulasie (2)(b) van die uitdrukking "2 duim" deur die uitdrukking "50 mm"; en
- (c) subregulasie (4) van die uitdrukking " $\frac{1}{2}$ duim" deur die uitdrukking "12 mm" en van die uitdrukking "3 duim" deur die uitdrukking "75 mm".

23. Regulasie 57 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) subregulasie (2) van die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm"; en
- (b) subregulasie (4) van die uitdrukking "1 $\frac{1}{2}$ duim" deur die uitdrukking "38 mm" en van die uitdrukking "6 duim vierkant" deur die uitdrukking "3'800 mm²".

24. Regulation 58 is hereby amended by the substitution for —
 (a) the expression "24 feet" of the expression "7 m";
 (b) the expression "16 inches", wherever it occurs, of the expression "400 mm"; and
 (c) the expression "12 feet" of the expression "3,6 m".

25. Regulation 59 is hereby amended by the substitution for the expression "12 inches" of the expression "300 mm" and for the expression "42 inches" of the expression "1,1 m".

26. Regulation 61 is hereby amended by the substitution in —

- (a) subregulation (1)(a) for the expression "4,000 lb." of the expression "1 800 kg"; and
- (b) subregulation (4) —
 - (i) paragraph (a) thereof, for the expression "8 inches" of the expression "200 mm"; for the expression "not less than 2 or more than 3 inches" of the expression "not less than 50 mm or more than 75 mm" and for the expression "not less than 4 or more than 5 inches" of the expression "not less than 100 mm or more than 130 mm"; and
 - (ii) paragraph (b) thereof, in diagram B, for the dimensions "9", "12" and "24", wherever they occur, of the dimensions 230 mm, 300 mm and 600 mm respectively;
- (c) subregulation (5) —
 - (i) paragraph (b) thereof, for the expression "42 inches" of the expression "1,1 m"; and
 - (ii) paragraph (c) thereof, for the expression "16 inches" of the expression "400 mm".

27. Regulation 64 is hereby amended by the substitution in —

- (a) paragraph (a) for the expression "12 inches" of the expression "300 mm" and for the expression "15 inches" of the expression "380 mm";
- (b) paragraph (b) for the expression "1 inch" of the expression "25 mm" and for the expression "4 inches" of the expression "100 mm"; and
- (c) paragraph (d) for the expression " $\frac{1}{2}$ inch" of the expression "5 mm" and for the expression " $\frac{1}{2}$ inch" of the expression "15 mm".

28. Regulation 65 is hereby amended by the substitution in —

- (a) paragraph (b) for the expression "9 inches" of the expression "230 mm" and for the expression "15 inches" of the expression "380 mm"; and
- (b) paragraph (c) for the expression "100 feet" of the expression "30 m".

29. Regulation 66 is hereby amended by the substitution in —

- (a) paragraph (b) for the expression "100 feet" of the expression "30 m";
- (b) paragraph (c) for the expression "16 inches" of the expression "400 mm"; and
- (c) paragraph (f) for the expression "6 inches" of the expression "150 mm".

30. Regulation 67 is hereby amended by the substitution in —

- (a) paragraph (a) for the expression "100 feet" of the expression "30 m"; and
- (b) paragraph (b) for the expression "6 inches" of the expression "150 mm" and for the expression "1 inch" of the expression "25 mm".

24. Regulasie 58 word hierby gewysig deur die vervanging van —
 (a) die uitdrukking "24 voet" deur die uitdrukking "7 m";
 (b) die uitdrukking "16 duim", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "400 mm"; en
 (c) die uitdrukking "12 voet" deur die uitdrukking "3,6 m".

25. Regulasie 59 word hierby gewysig deur die uitdrukking "12 duim" deur die uitdrukking "300 mm" en die uitdrukking "42 duim" deur die uitdrukking "1,1 m" te vervang.

26. Regulasie 61 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) subregulasie (1)(a) van die uitdrukking "4,000 lb." deur die uitdrukking "1 800 kg"; en
- (b) subregulasie (4) —
 - (i) paragraaf (a) daarvan, van die uitdrukking "8 duim" deur die uitdrukking "200 mm"; van die uitdrukking "nie minder as 2 of meer as 3 duim nie" deur die uitdrukking "nie minder as 50 mm of meer as 75 mm nie" en van die uitdrukking "nie minder as 4 of meer as 5 duim nie" deur die uitdrukking "nie minder as 100 mm of meer as 130 mm nie"; en
 - (ii) paragraaf (b) daarvan, in diagram B, van die afmetinge "9", "12" en "24" waar hulle ook al voorkom, onderskeidelik deur die afmetinge 230 mm, 300 mm en 600 mm, te vervang;
- (c) subregulasie (5) —
 - (i) paragraaf (b) daarvan, van die uitdrukking "42 duim" deur die uitdrukking "1,1 m"; en
 - (ii) paragraaf (c) daarvan, van die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm".

27. Regulasie 64 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) paragraaf (a) van die uitdrukking "12 duim" deur die uitdrukking "300 mm" en van die uitdrukking "15 duim" deur die uitdrukking "380 mm";
- (b) paragraaf (b) van die uitdrukking "1 duim" deur die uitdrukking "25 mm" en van die uitdrukking "4 duim" deur die uitdrukking "100 mm"; en
- (c) paragraaf (d) van die uitdrukking " $\frac{1}{2}$ duim" deur die uitdrukking "5 mm" en van die uitdrukking " $\frac{1}{2}$ duim" deur die uitdrukking "15 mm".

28. Regulasie 65 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) paragraaf (b) van die uitdrukking "9 duim" deur die uitdrukking "230 mm" en van die uitdrukking "15 duim" deur die uitdrukking "380 mm"; en
- (b) paragraaf (c) van die uitdrukking "100 voet" deur die uitdrukking "30 m".

29. Regulasie 66 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) paragraaf (b) van die uitdrukking "100 voet" deur die uitdrukking "30 m";
- (b) paragraaf (c) van die uitdrukking "16 duim" deur die uitdrukking "400 mm"; en
- (c) paragraaf (f) van die uitdrukking "6 duim" deur die uitdrukking "150 mm".

30. Regulasie 67 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) paragraaf (a) van die uitdrukking "100 voet" deur die uitdrukking "30 m"; and
- (b) paragraaf (b) van die uitdrukking "6 duim" deur die uitdrukking "150 mm" en van die uitdrukking "1 duim" deur die uitdrukking "25 mm".

31. Regulation 70 is hereby amended by the substitution in —

- (a) subregulation (1) for the expression "25 feet" of the expression "7,6 m"; and
- (b) subregulation (2) for the expression "24 inches", wherever it occurs, of the expression "600 mm".

32. Regulation 71(1) is hereby amended by the substitution for the expression "18 inches" of the expression "450 mm" and for the expression "7 feet" of the expression "2,1 m".

33. Regulation 73(2)(b) is hereby amended by the substitution for the expression "24 inches" of the expression "600 mm"; for the words "cubic centimetres" of the expression "cm³" and for the expression "20 inches" of the expression "500 mm".

34. Regulation 74(a) is hereby amended by the substitution for the expression "300 feet" of the expression "90 m".

35. The following regulation is hereby inserted after regulation 78:

"Engine of motor-car to be covered.

78A. No person shall operate on a public road a motor-car unless the engine thereof is so covered as not to be a source of danger to any person.".

36. Regulation 79 is hereby amended by the substitution for the words "cubic centimetres" of the expression "cm³" and for the word "weight" of the word "mass".

37. Regulation 81(c) is hereby amended by the substitution for the expression "gross vehicle weight not exceeding 7,700 lb." of the expression "gross vehicle mass not exceeding 3 500 kg".

38. Regulation 82(1) is hereby amended by the substitution for the expression "1,250 lb." of the expression "570 kg".

39. Regulation 83 is hereby amended by the substitution for the expression "1,250 lb." of the expression "570 kg".

40. Regulation 84(1) is hereby amended by the substitution for the expression —

- (a) "cubic centimetres" of the expression "cm³";
- (b) "24 inches" of the expression "600 mm";
- (c) "12 inches" of the expression "300 mm";
- (d) "7 feet" of the expression "2,1 m"; and
- (e) "100 feet" of the expression "30 m".

41. Regulation 85 is hereby amended by the substitution in —

- (a) paragraph (b) for the expression "5 inches" of the expression "130 mm";
- (b) paragraph (c) for the expression "1½ inches" of the expression "40 mm"; and
- (c) paragraph (h) for the expression "17 inches" of the expression "430 mm".

42. Regulation 87 is hereby amended by the substitution

- (a) subregulation (7) in the diagram for the dimension "2'" of the dimension "50 mm" and for the dimension "12'" of the dimension "300 mm" and
- (b) subregulation (8) for the expression "150 feet", wherever it occurs, of the expression "45 m".

31. Regulasie 70 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) subregulasie (1) van die uitdrukking "25 voet" deur die uitdrukking "7,6 m"; en
- (b) subregulasie (2) van die uitdrukking "24 duim", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "600 mm".

32. Regulasie 71(1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "18 duim" deur die uitdrukking "450 mm" en die uitdrukking "7 voet" deur die uitdrukking "2,1 m" te vervang.

33. Regulasie 73(2)(b) word hierby gewysig deur die uitdrukking "24 duim" deur die uitdrukking "600 mm"; die woorde "kubieke sentimeters" deur die uitdrukking "cm³" en die uitdrukking "20 duim" deur die uitdrukking "500 mm" te vervang.

34. Regulasie 74(a) word hierby gewysig deur die uitdrukking "300 voet" deur die uitdrukking "90 m" te vervang.

35. Die volgende regulasie word na regulasie 78 ingevoeg:

"Enjin van motorkar bedek te wees.

78A. Niemand mag 'n motorkar op 'n openbare pad gebruik nie tensy die enjin daarvan so bedek is dat dit nie 'n bron van gevaar vir enige persoon uitmaak nie.".

36. Regulasie 79 word hierby gewysig deur die woorde "kubieke sentimeter" deur die uitdrukking "cm³" en deur die woorde "gewig" deur die woorde "massa" te vervang.

37. Regulasie 81(c) word hierby gewysig deur die uitdrukking "bruto voertuiggewig van hoogstens 7,700 lb." deur die uitdrukking "bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg" te vervang.

38. Regulasie 82(1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "1,250 lb." deur die uitdrukking "570 kg" te vervang.

39. Regulasie 83 word hierby gewysig deur die uitdrukking "1,250 lb." deur die uitdrukking "570 kg" te vervang.

40. Regulasie 84(1) word hierby gewysig deur die vervanging van die uitdrukking —

- (a) "kubieke sentimeter" deur die uitdrukking "cm³";
- (b) "24 duim" deur die uitdrukking "600 mm";
- (c) "12 duim" deur die uitdrukking "300 mm";
- (d) "7 voet" deur die uitdrukking "2,1 m"; and
- (e) "100 voet" deur die uitdrukking "30 m".

41. Regulasie 85 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) paragraaf (b) van die uitdrukking "5 duim" deur die uitdrukking "130 mm";
- (b) paragraaf (c) van die uitdrukking "1½ duim" deur die uitdrukking "40 mm"; and
- (c) paragraaf (h) van die uitdrukking "17 duim" deur die uitdrukking "430 mm".

42. Regulasie 87 word hierby gewysig deur die vervanging in —

- (a) subregulasie (7) in die diagram, van die afmeting "2'" deur die afmeting "50 mm" en van die afmeting "12'" deur die afmeting "300 mm"; and
- (b) subregulasie (8) van die uitdrukking "150 voet", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "45 m".

43. Regulation 95 is hereby amended by the substitution for the expression —

- (a) "2 feet" of the expression "600 mm";
- (b) "3 feet" of the expression "900 mm";
- (c) "18 inches" of the expression "450 mm"; and
- (d) "12 inches" of the expression "300 mm".

44. Regulation 96 is hereby amended by the substitution in —

- (a) subregulation (1) for the expression "5 inches" of the expression "150 mm" and for the expression "12 inches square" of the expression "300 mm by 300 mm"; and
- (b) subregulation (2) for the expression "12 inches" of the expression "300 mm"; for the expression "2 feet", wherever it occurs, of the expression "600 mm" and for the expression "12 inches square" of the expression "300 mm by 300 mm".

45. Regulation 110 is hereby amended by the substitution for the expression "3 inches" of the expression "75 mm" and for the abbreviation "LB." wherever it occurs, of the abbreviation "kg" and by deleting the word "gewig".

46. Regulation 118(1) is hereby amended by the substitution for the expression "31 inches" of the expression "800 mm".

47. Regulation 119 is hereby amended by the substitution in —

